

Vryheidsdag 2022: Watse vryheid?

Amanda Gouws*

Op 27 April vier ons Vryheidsdag – ’n herdenking van Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing wat in 1994 gehou is. ’n Vryheidstryd is gevoer sodat ons almal vry kon wees. Maar wat beteken vryheid werklik? Baie Suid-Afrikaners mag redeneer hul lewens het nie baie verander of vryer geword sedert 1994 nie.

Die Franse Rewolusie het vryheid aan gelykheid en gemeenskap verbind. Hierdie bloedige rewolusie het ook die verhouding tussen vryheid en menseregte vasgelê. Diegene wat gedurende hierdie bloedige tydperk in die geskiedenis vir regte geveg het, het die obsene akkumulering deur gulsige leiers (soos Marie Antoinette wat oor die honger mense gesê het: “Laat hulle koeke eet”) en die leierskap van despote verwerp. Een van die oorsake van die Franse Rewolusie was die landbewoners se onvermoë om toegang tot die mees basiese noodsaaklikhede soos voedsel te kry. Hierdie rewolusie het die tydperk van menseregte vir elkeen en die einde van slawerny ingelui. Dit is hierdie regte wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar.

Maar vir regte om iets te beteken, moet ons in staat wees om daarop aanspraak te maak en dit moet deur die strafregtelike stelsel toegepas word. Regte was vir ons só belangrik dat ons ’n Handves van Regte by die Grondwet ingesluit het. Die mees fundamentele reg is natuurlik die reg op lewe (saam met liggaamlike integriteit).

Ten slotte ...

Een van die grootste terugslae vir demokrasie is die blaam wat landburgers op menseregte-regimes plaas omdat hulle nie die ideale van vryheid gestand doen nie. Hoe gaan ons vryheid verseker indien vryheid nie aan regte verbind is nie? Slegs wanneer vryheid verbind word met die twee ander dimensies – gelykheid en gemeenskap – wat deur die Franse Rewolusie gevestig is, sal vryheid betekenis kry.

Wanneer ons Vryheidsdag vier, moet ons nie die behoefte aan groter gelykheid, die behoefte om onder meer neoliberale kapitalisme teen te staan en die belangrikheid daarvan om sorggemeenskappe te vestig, vergeet nie. Die pandemie het sorg sentraal as een van die belangrikste aspekte van menselewe geplaas.

- Klik [hier](#) om die volledige artikel soos geplaas te lees.

****Prof Amanda Gouws is ’n uitgelese professor in Politieke Wetenskap en bekleër van die SARChI-leerstoel in Genderpolitiek aan die Universiteit Stellenbosch.***